# Lesing 108 – 8 Julie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 129 ontvang deur Daniel Grobbelaar op 05/12/2019 (vervolg)

**MY Dogter van Sion Gemeente, Suid van die riviere van Kus!** Hoor MY, jul MAKER en OPRIGTER. Aan MY Kneg het EK die Twee Pole van GILGAL gewys, na EK hom gelei het na **Amos 4 en 5** en MY Profeet van Ouds, Hosea. My kneg het deur erge geestelike smarte en onsekerhede gegaan. Hy het in hart voor MY gesmeek en gevra vir antwoorde rakende Gilgal. EK het aan hom die volgende gewys:

Daar is Twee Stede van Gilgal in die Geestelike Sfere. Daar is een wat EK al aan julle openbaar het: Die Stad van Gilgal, die Lewende Draaiende Fontein. Dit is die Stad na bowe, die Stad van Gilgal waar Abel sy offerandes, MY aanbidders sal kom en offerandes aan MY sal bring, suid van die riviere van Kus. Dit is die Stad waar opregte LIEFDESOFFERS volbring word tot MY en die naaste, boers en susters. Maar, toe wys EK aan MY kneg, deur sy struwelinge na antwoorde en gebede tot MY, die Stad na benede, benede die Stad van Gilgal na Bowe. Hierdie Stad se naam is, Stad van Gilgal. Dit is hierdie Stad waar die offer van Kain volbring word met naasteliefdehaat en onopregtheid voor MY en hulle naastes. Dit is waar harte geoffer word, maar nie vir harte van vlees deurtrek met MY Gees nie. Hoegenaamd nie! Dit is harte wat dubbele weë het. Dit is harte wat Huise wil bou op die sand van liefdeloosheid en verskuilde broeder haat. Dit is hulle wat nie olie in hul lampies het nie. Dan gaan EK nog verder en sê dat daar is ook nog diegene wat baie olie in hulle lampies het, maar wat nie die Vonk en Vlam van LIEFDE genader het om hulle lampie aan die brand te steek ter LIGBESTRALING en HITTEBESTRALING van MY LIEFDE tot hulle naaste nie!

Daarom MY Dogter van Sion, let op hierdie Woorde van MY, JAHSHUA, EK IS WAT EK IS, EK IS LIEFDE... JAHLIEFDE!

EK het hierdie Woorde van MY, wat MY kneg al vir dae in sy hart bewaar, tot op hierdie Dag verborge gehou:

"**EK wil die Dogter van Sion, genees!"**

Wees gehoorsaam aan MY LIEFDE en straal MY LIEFDE uit na ELKE broer en suster wat saamloop **en ook aan diegene wat nie meer saamloop nie**; hulle wat oortree het en hulle wat nie oortree het nie; hulle wat leuens vertel het en hulle wat nie leuens vertel het nie – want EK SKRYF IN DIE SAND EN MY GEES VAN BARMHARTIGHEID KOM MET DIE WIND EN WAAI DIE SAND WEER PLAT EN DIE SONDES VERDWYN. DIT IS EK, EK IS WAT EK IS! Het julle opgemerk? Het julle gesien en verstaan waarom EK hierdie Woorde NOU spreek voor julle Geloftedoening aan MY by Paarde-kraal? EK spreek hierdie Woorde van MY weer en gaan en lees hulle in die binneste kamer van julle wese en siele:

EK skryf in die sand en MY Gees van Barmhartigheid kom met die Wind en waai die sand weer plat en die sondes verdwyn!

**DIT IS PAARDEKRAAL! Die Derde Poort van Wind en GEES wat Henog gesien het in die Suide**, MY Boerevolk! Dit is **Nederigheid**, dit is **Liefde vir naaste**, die is die **regmaak van oortredinge**, dit is die **versoening** van broers en susters, dit is die **selfverloënde liefdesoffers** aan MY en MY kinders!

Dit is die **STAD VAN GILGAL NA BOWE**! Dit is waar EliJaH en EliShua te vinde is, waar EliJaH in die Warrelwind van die Suide is! **Dit is die LAER VAN GILGAL-LIEFDE!**

MY kneg, jou werke is vir nou volbring. EK IS JAHLIEFDE! Ek genees, EK voorsien en EK IS Barmhartig. EK WIL GENEES, daarom moet julle WIL GENEES. Geloof sonder Werke is dood en netso is die Liefde sonder Liefdeswerke, dood. Laat daar Lig wees, en daar was Lig...

Wees geseënd in die Aarde deur MY Bloed gekoop,

Wees genees in die Aarde deur MY Bloed gekoop.

EK IS LIEFDE... EN LIEFDE, IS EK!

Volg MY, JAHWEHSHUA, EK IS WAT EK IS, VOLG MY, DIE LIEFDE!

Wees lief vir MY en jul naaste, dan gehoorsaam julle MY Wet.

EK IS."

***(Daniel spreek:)***

Net na JAHSHUA met my gespreek het, het ek in die gees vir oom Siener gesien en ek was weer daar waar ek vantevore was waar ek Melgisedek gesien het. Oom Siener het na my toe gekom en hoe nader hy gekom het, hoe meer kon ek in sy oë kyk. In sy oë het ek toe gesien, baie gebeure wat afspeel soos hy sy visioene lank gelede neer laat skrywe het. Ek het baie verwoesting oor die hele aarde gesien en gesien hoe volke en konings mekaar vernietig. Ek het oorloë gesien en die windrigtings se handelinge gewaar.

Ek het die spioenasie gesien in elke stukkie tegnologie in ons huise. Siener wys vir my die wapens binne-in die satelliete wat die aarde omwentel. Ek sien berge in die see val en ander berge opkom. Ek sien die see word droog en die aarde smag na water en gesondheid. Ek sien dat oom Siener weet dat groot verwoesting kom en dat selfs die engele voorberei. Ek sien in oom Siener se oë 'n tweede Bloedrivier en hoedat die Orde van Melgisedek daar opgerig en in herinnering gebring sal word. Ek sien hoe 'n volk opstaan, dapper en vol hoop, sienende siende en horende hoor hulle en luister hulle na hulle VADER wat Hemele en Aarde gemaak het.

Siener kom toe tot by my en plaas sy linkerhand op my hart en omhels my met sy regterhand en sê in my oor dat ek hierdie Woorde wat sy MAJESTEIT tot my gespreek het, drie keer moet uitstuur na sy volk, na sy broers en susters. Siener sê toe vir my dat die volk

moet nederig raak en dat kennis nie die Weg is tot Lewe nie, maar enkel en alleen die gehoorsaamheid aan die LIEFDE. Die Kennis en Verborgenhede is Barmhartigheid en is VADER wat ons trek om HOM te leer ken, maar **die Fondament moet nie nagelaat word nie, en dit is, NAASTELIEFDE, LIEFDE BO ALLE LIEFDE!**

***(Einde van Woord en ervaring.)***

Wees geseënd, my geliefdes en mag JAHSHUA ons suiwer bevind vanaf hierdie dag en die dae wat kom.

Mag ons ons Liefde as Banier, omhoog hou en mag die Vlag van Liefde weer wapper!

Mag die Vier Kleure IN EEN weer Wapper.

Vrede en Saligheid vanaf ons Verlosser, JAHSHUA!

***Daniel Grobbelaar***